

**Dinsdag 5 Mei**

**Skrifgedeelte: Lukas 22:1-6, 21-23**

**Fokusgedeelte: Lukas 22:1-6, 21-23**

### **Die komplot teen Jesus**

**J**esus se lyding het nie eers begin toe Hy verraai en gevange geneem is nie. Jesus se lyding het al 33 jaar vantevore begin toe Hy – Seun van God – mens kom word het. Tog bereik die lyding van Jesus in Lukas 22 en 23 'n absolute klimaks.

Wat hierdie lyding van Jesus nog soveel skerper maak, is die feit dat iemand wat baie naby aan Hom is, Hom verraai. Die verset teen Jesus in die hart van Judas het só gegroei dat Judas besluit het om Jesus te verraai. Dit was natuurlik baie goeie nuus vir die Joodse leiers wat Jesus uit die weg wou ruim. Nou het hulle iemand in Jesus se binnekring gehad wat hulle kon help om Hom op die mees geskikte geleentheid te vang.

Die verloop van gebeurtenisse bewys egter dat Judas hieraan niks kon doen nie. Jesus self skep vir Judas die geleentheid om Hom aan die Joodse leiers oor te lewer. Al het Judas 'n gemene daad gepleeg, en al dra hy volle verantwoordelikheid daarvoor, was sy optrede tog ingeskakel in die uitvoering van God se raad. In vers 22 bevestig Jesus hierdie feit as Hy sê: *“Met die Seun van die mens sal dit gaan soos dit voorbeskik is ...”*

God se plan moet vervul word. God bly in beheer. Hierdie feit hou vir ons as gelowiges groot troos in. Selfs in tye en omstandighede wat dit vir ons lyk of Satan in beheer is, kan ons seker wees dat God nog steeds regeer en beskik.

*Sing: Psalm 93-1:1-4*

*Ds. FJ Potgieter (Fritz) (Bloemfontein-Suid)*